**WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 01/2019**
**26/01/2019**

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van PJ (Phillip) de Vries van die SALM

Bill Lemmer verwttig met leedwese dat Phillip op 23/01/2019 by sy huis in Valhalla in die ouderdom van 83 jaar oorlede is. Phillip se dogter, Lizel, se selno is 082 331 6967. Phillip Weyers van die SALM voeg by dat die gedenkdiens om 11:00 op 01/02/2019 by die NG Gemeente Raslouw in Centurion sal plaasvind.

2. Passing of Neville Sharpley of the SAAF

Koos van Rensburg of the SAAFA advises with regret "… of Neville's passing at St Helena Bay on 23/12/2018. His widow, Marigold can be contacted at nlsharpley@mweb.co.za or on 021-685 2988 and 022-736 1031. His funeral took place on 29/12/2018. At the going down of the sun and in the morning, we will remember them".

3. Afsterwe van Elsa Yaffe van Leërinligting en Afd Inl

Louis Coetzee van die Lugafweer verwttig met leedwese dat Elsa, dogter van lt-genl Frans van den Berg, op 23/01/2019 weens orgaanversaking oorlede is. Haar laaste standplaas in die SAW was by Afd Inl waar sy 'n hoogs bekwame inligtingsverwerker by D TI Inl was en later die PSO van HDTI. Elsa het die diens in 1998 verlaat het haar eie besigheid, Yaffe Consultants, begin waar sy haar by groot maatskappye as 'n suksesvolle politieke ontleder gevestig het. Sy was getroud met AO1 Gary Yaffe van Spes Magte en hulle het een seun, Patrick, gehad wat pas sy universiteitstudies voltooi het.
Gary wishes to "… thank all for the messages of condolence and support. Both Patrick and I really appreciate them. It is also heartening to know that so many people knew Elsa and recognised her as being an exceptionally special individual. In accordance with her wishes she will be cremated and I will be hosting a commemoration for anyone who would like to attend. It will be informal and will take place at our residence in Clubview on two days in order to allow flexibility and to try to accommodate people all who would like to attend. It will be on 14:00 on Friday 01/02 and again on 10:00 on Saturday 02/02/2019 at 69 Amsterdam Road, Clubview East in Centurion. My cell number is 083 381 6707".

4. Passing of Graham Chisholm of the SAAF

In the previous edition Koos van Rensburg advised of the passing of Graham on 27/12/2018 after a heart attack. Koos now states that a memorial service to celebrate Graham's life was held at Hanger 5 in Virginia Airport, Durban, on 04/01/2019.

5. Terugslag vir Mara Meyer van die Seiners

Francis van Zyl van die Seiners rapporteer "… dat Mara haar heup gebreek het en in Saal 6 by 1 Mil Hosp verpleeg word. Dit is blykbaar nie moontlik om nou te opereer nie. My
e-posadres is francis.vanzyl@vodamail.co.za".

HULDEBLYKE AAN ALEX POTGIETER VAN DIE KAVALLERIE

6. Gert Opperman van die Infanterie

"Alex was alombekend as 'n flink, netjiese en indrukwekkende offisier wat sy ondergeskiktes met waardigheid en onderskeiding gelei het. Sy treffende uiterlike het tydens sy termyn as die Aide de Camp van die Staatspresident, daartoe gelei dat ' n foto van hom in uniform in die Engelse dagblaaie in die Wes-Kaap gepubliseer is. In die opskrif is na hom as 'a beautiful hulk of a man' verwys. Hy was as jong offisier by meer as een geleentheid uitgesonder vir prestige aanstellings, soos Aide de Camp van die Staatspresident, Assistent Privaatsekretaris van die Minister van Verdediging en later ook as Militêre Attaché in die VSA. Dit is moeilik om 'n meer omvattende en akkurate beeld oor sy bydrae in die verskillende hoedanighede te gee, omdat hy soveel jare in poste buite die hoofstroom van die SAW en agter die skerms gewerk het en omdat soveel van sy oud-kollegas reeds oorlede is. Hy was nietemin oral waar hy gedien het, hoog geag as 'n professionele offisier en lojale landsburger op wie staatgemaak kon word. Hy was altyd baie goed en lojaal deur Elrie ondersteun. Sy was nie net vir hom as eggenote nie, maar ook vir sy loopbaan 'n groot aanwins. Die wyse waarop sy hom tot aan die einde help versorg het, het almal diep beindruk".

7. A P Stemmet van die Kavallerie

"My en Alex se paaie het verskeie kere gekruis. As jong pantseroffisiere, in ons onderskeie parlementêre poste en later in my hoedanigheid as 2IB by die Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad (SSVR) terwyl hy Bev Kmdmt OP was en as Voorsitter van die GBS van die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel in die Oos Kaap opgetree het en as kollegas by die SSVR. As offisier sal hy as die flink en netjiese soldaat onthou word wat op jeugdige ouderdom sy leierskapvermoë getoon het en gou 'n gewilde en bekwame leier geword het. In sy parlementêre pos was hy die gewilde, toeganklike kollega en altyd bereid om te help. Hy en Elrie was 'n gewilde paartjie in die parlementêre dorpie, Akasiapark. In die Oos Kaap was hy oorhoofs in beheer van staatsveiligheid van sy streek wat gedurende sy termyn aldaar een van die grootste brandpunte in die land was. Baie nuwe gedagtes uit die Oos-Kaap het daardie tyd die Staatspresident via die Voorsitter van die SVR bereik. Met Alex se aanstelling as Hoof Afd Strat by die SSVR moes hy beheer neem van 'n span gesoute strateë en moes hy op nasionale strategiese vlak leiding gee. Sy span se dokumente was geen geringe taak nie en is aan die Staatspresident as eerste ontvanger gerig. Dit was die destydse Staatspresident se styl om op kort kennisgewing strategiese advies aan te vra en Alex en sy span moes in staat wees om binne ure 'n weldeurdagte dokument op die tafel te plaas. In die normale staatshiërargie sou so 'n dokument maande neem om te voltooi. Dit was geen maklike taak nie en het uitstaande leierskap onder geweldige druk van hom vereis. Alex se kenmerk was sy kalmte in krisistye, terwyl sy bydrae om die land veilig te hou nooit openbaar is nie en hy daarom nooit voldoende daarvoor vereer is nie. Ons, sy oud-kollegas by die SSVR, eer sy nagedagtenis en persoonlik het ek 'n vriend van baie jare verloor".

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

8. Louis Coetzee se Huldeblyk aan Elsa Yaffe van Afd Inl

“Ek het Elsa ontmoet toe sy twee jaar oud was terwyl ek ‘n veldkannonier by 4 Vd Regt was. Toutjies Venter was haar pa se buurman en hy het haar ‘n paar minder mooi woorde deur die draad geleer het om haar pa te frustreer! Later was ek bevoorreg dat sy saam met my kon werk terwyl ek by GS2 werksaam was. Met my verplasing na Afd Inl in 1995 was een van my eerste doelwitte om te reël dat Elsa weens haar uitstaande vermoëns na TI Inl oorgeplaas word. Later met Elsa se bevordering na lt-kol is sy aangestel as my PSO en was dit ‘n vreugde om die vrugte te kon pluk van haar aanvoeling en optredes. Meer as een keer het sy reeds ‘n brief vir my handtekening voorberei terwyl ek dit nog nie eers versoek het nie! Selfs na ons paaie in 1998 geskei het, het ons gereëld kontak gehad en het sy haar ‘pligte’ as PSO steeds nagekom om my van belangrike datums en gebeure te herinner! Ek gaan vir Elsa mis want ek het haar as een van my dogters beskou”.

9. Nuwejaarsboodskap van die SAWV se Nasionale Uitvoerende Raad

Die vorige jaar was vir die SAWV 'n suksesvolle besige jaar propvol aktiwiteite. Ons het in getalle gegroei en het met verskeie projekte sukses behaal waarmee ons 'n verskil in die lewens van ons lede gemaak het. Ons bedank ons lede wat getrou hulle jaarlikse lidmaatskapfooi bygedra het, asook die wat 'n addisionele maandelikse bydrae gemaak het. Hierdie bydrae sit ons in 'n posisie om na die belange van ons lede om te sien; om aan hulle inspraak te gee op die hoogste vlak en om 'n tuiste te skep waaraan alle Militêre Veterane kan behoort.

We have something unique in common. Nobody will look after us. We have only one another and therefore have to support each other, as we did in the past. We invite all those Military Veterans who are not members yet, to join the SADFA winning team. Your participation will add value to our mission to establish a national support network and our drive of ‘Veterans Creating the Future’. Wherever you served, you should be acknowledged for your contribution to the development of the RSA.

10. Wie Was die Luitenant?

Roelof Fourie van die Infanterie noem dat hy “… steeds wonder wie die Staandemag luitenant was met wie ek ‘n loopgraaf gedeel het toe ons ‘n hinderlaag op 25/12/1977 naby Etale beman het. Hy was blond en skraal en ek sal altyd sy valskermstewels onthou. My e-posadres is roelof@roeloffouriesafaris.com”.

11. Fred Burger van die Infanterie

“Nadat ons besluit het om die stad vir die platteland te verruil is ons eiendomme in Centurion verkoop en ‘n meenthuis in Parys gekoop. As ‘n gebore Vrystater met twee getroude kinders wat ook hier teen die Vaalrivier bly, het ons besluit om af te skaal en ook hier te kom woon. Ons nooi al die bekendes wat in hierdie rigting ry om ‘n bier of koffie te kom drink en as Veterane lekker saam te kuier. Baie groete aan die bekende makkers en ons bid vir almal ‘n voorspoedige, gelukkige en gesonde 2019 toe. My e-posadres is burgerfox@gmail.com”.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

12. Missiles for the Finnish Navy

Arne reported in his MN that one of the four Hamina class missile fast attack craft in the Finnish Navy carry four RBS-15 SSMs and eight Umkhonto SSMs made and supplied by Denel from the RSA.

13. Russian Leader Boasts of Invincible Nuclear-armed Missiles

The Russian President Vladimir Putin boasted this week of a successful test and planned deployment in 2019 of '… invincible nuclear-armed missiles' that can fly at more than 20 times the speed of sound. The USAF has now put a priority on hypersonics, reflecting the increasing concerns of the Pentagon that Russia and China have taken the lead on a technology that potentially poses the threat of making existing missile defence systems obsolete. Gen Paul Selva of the USAF has stated '… that we have lost our technical advantage in hypersonics, but we have not lost the hypersonic fight'."

14. Demonstration of Laser Weapon System

According to Arne's MN, the USS Ponce conducted an operational demonstration of the new Solid State Laser Weapon System featured here below. The USN is seeking to develop and introduce new directed energy weapons like the solid state laser and the electromagnetic railgun into its fleet.

TOEKOMSTIGE OORLOë

15. Exercising Right of Free Passage

The USN is drafting a plan to sail ships and flying aircraft near China's territorial waters in the South China Sea and Taiwan Strait in freedom of navigation operations to demonstrate the right of free passage in international waters. The proposal means US ships and aircraft would operate close to Chinese forces. The defence officials emphasized that there is no intention to engage in combat with the Chinese.

16. Responding to China's Challenge at Sea

In Arne's MN it was stated that China is building a Navy that intends to challenge the USA and the broader international community on all the high seas across the globe. Defence leaders have been highlighting China's investments in new ships, including aircraft carriers and nuclear-powered fast-attack submarines, to thwart US carrier groups. The contraction of the overall size of the USN effectively invited China and other nations to enter into a naval arms race with the USA. It is critical to quickly answer President Trump's call for a 355-ship Navy if we are to avoid a disastrous war at sea.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

17. Swak Behandeling van Robbie Coetzee van die Infanterie

Robbie verwittig dat hy "…probleme ondervind met die vereffening van mediese rekeninge vir my mediese vervoer en behandeling wat in nood nodig was. Die plaaslike Bev AMHUNW in Potchefstroom weier om die betaling van sekere van die rekeninge te magtig en reageer glad nie op skriftelike versoeke nie. Graag verneem ek watter instansie ek kan nader om die probleem op te los". Nota. 'n Goedgesinde afgetrede mediese offisier is versoek om behulpsaam te wees en terugvoer sal in die volgende Nuusbrief verskaf word.

18. Use of Private Ambulance Services in an Emergency. The following is extracted from the RFMCF Bulletin:

In case of a life threatening emergency any available health services can be used and an ex-post facto authority can there-after be obtained. An emergency medical condition means the sudden and, at the time, unexpected onset of a health condition that requires immediate medical treatment or an operation. If the treatment is not available, the emergency could result in weakened bodily functions, serious and lasting damage to organs, limbs or other body parts, or even death. An example would be a Motor Vehicle Accident (or a member becoming unconscious).

19. Emergency Contact Numbers of Military Hospitals

* 1 Mil Hosp. 012- 314 0267 or 314 0271.

* 2 Mil Hosp. 021-799 6330 (choose Option 1) or 799 6239.

* 3 Mil Hosp. 051-402 2253 or 402 2254.

20. Contact Numbers of Military Medical Institutions. The following appeared in a bulletin of the RFMCF and it is emphasized that all medical and health services should be accessed through the local SAMHS unit:

| Ser No Unit Code SSN | AMHU | TELEPHONE NUMBER | OCs | SO1 MEDICINE / SO1 NURSING (W/H) |
|---|---|---|---|---|
| 1<br><br>55255<br><br>(840) | **EC**<br><br>Private Bag X6032<br>Port Elizabeth<br>6000 | **Working Hours**<br><br>Medical Auth: (041) 505-1203<br>Dental: (041) 505-1177<br><br>**After Hours**<br><br>HC PE: (041) 505-1203<br>HC Grahamstown: (046) 602-2035<br>HC Mthatha: (047) 502-3539 | Col M.P. Mbongwe<br>(041) 505-1075<br>(041) 505-1058 | Lt Col Z. van Niekerk<br>(Nursing)<br>(041) 505-1138 |
| 2<br><br>55256<br><br>(850)<br>(851) | **FS**<br><br>Private Bag X20503<br>Bloemfontein<br>9300 | **Working Hours**<br><br>Medical Auth: (051) 402-1782<br>Dental: (051) 402-1695<br>**After Hours**<br><br>3 Mil Casualty: (051) 402-2253<br>(051) 402-2244<br>(051) 402-2258<br>3 MH Switchboard (051) 402-2200 | Col A. Mbiza<br>(051) 402-1900<br>(051) 402-1898<br>(051) 402-1672 | Dr A. Carrow<br>(A/Med)<br>(051) 402-2031 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3<br><br>55257<br><br>(814) | **GT**<br><br>Private Bag X02<br>Gezina<br>0031 | **Working Hours**<br><br>Medical Auth: (012) 319-3185<br>(012) 319-3206<br>Dental: (012) 319-1695<br><br>**After Hours**<br>Emergency Auth: 082 880 8440<br>Ambulance Number: (012) 319-3313<br>Ops/duty room: (012) 319-3167<br>(012) 319-3169 | Col D.V. Ndlovu<br>(012) 319-3114<br>(012) 319-3115<br>(012) 319-3108 | Maj P.N. Tseke (A/Med)<br>(012) 319-3170 |
| 4<br><br>55258<br><br>(832) | **KZN**<br><br>Private Bag X05<br>Bluff<br>4036 | **Working Hours**<br>Medical Auth: (031) 451-1932<br>Dental: (031) 305-6790<br>**After Hours**<br>Durban: (031) 451-1984<br>(031) 451-1930<br>082 768 8022<br>Ladysmith: (036) 271 2222<br>Mtubatuba: (035) 550 6759 | Col G.T. Pillay<br>(031) 451-1900<br>(031) 451-1902<br>(031) 451-1921 | Lt Col N. Thusi (Med)<br>Dr Hoosen<br>Lt Maake<br>(031) 451-1932 |
| 5<br><br>55262<br><br>(880) | **LP**<br><br>Private Bag X9701<br>Polokwane<br>0700 | **Working Hours**<br><br>Medical Auth: (015) 299-3105<br>Dental: (015) 299-3274<br><br>**After hours**<br><br>(015) 299-0061<br>HC Polokwane: (015) 299-3592<br><br>(015) 299-3534 | Col V. Ndlovhu<br>(015) 299-3032<br>(015) 299-3100<br>(015) 299-3101 | Lt Col Mokhari (med)<br>Maj Dladla<br>(015) 299-3085 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6<br><br>55259<br><br>(870) | **MP**<br><br>Private Bag X11218<br>Nelspruit<br>1200 | **Working Hours**<br><br>Medical Auth: (013) 756-2169<br>Dental: (013) 756-2244<br><br>**After Hours**<br><br>Emergency Auth: 072 600 5274<br>Officer on Duty: (013) 756-2471 | Col P.I. Ngomane<br>(013) 756-2401<br>(013) 756-2400 | Lt Col M.M. Malabi (Med)<br>(013) 247-3519<br>(013) 247-3510<br><br>Maj E.J. Green (Nursing)<br>(013) 756-2429 |
| 7<br><br>55261<br><br>(852) | **NC**<br><br>Private Bag X5056<br>Diskobolos<br>8300 | **Working Hours**<br><br>Medical Auth: (053) 830-3253<br>Dental: (053) 830-3269<br><br>**After Hours**<br><br>(053) 830-3262 | Col M.M. Delport<br>(053) 830-3334 | Lt Col D.I. Ramaswe (Med)<br>(053) 830-3149<br><br>Lt Col C.Scheepers<br>(053) 830 3232<br>(Health Ser Manager) |
| 8<br><br>55260<br><br>(890) | **NW**<br><br>Private Bag X2011<br>Noordbrug<br>2522 | **Working Hours**<br><br>Medical Auth: (018) 289-1341<br>Dental: (018) 289-1321<br><br>**After Hours**<br><br>(018) 289-1309<br>(018) 293-4587 | Col M.T.K. Sikhuphela<br>(018) 289-1301<br>(018) 289-1300 | Maj J.J. van Tonder (Med)<br>Maj W. Robbertse<br>(018) 289-1341 |
| 9<br><br>55263<br><br>(821) | **WC**<br><br>Private Bag X10<br>Wynberg<br>7824 | **Working Hours**<br><br>Medical Auth: (021) 799-6647<br>Dental: (021) 799-6304<br><br>**After Hours:**<br><br>(021) 799-6828<br>(021) 799-6239 | Col E. Du Plessis<br>(021) 799-6355 | Lt Col P. Sebolai (Med)<br>(021) 799-6828 |

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

21. Contact with the RFMCF

The contact number of the Client Service Centre is 012-679 4200 or an e-mail message could be sent to info@rfmcf.co.za. The Client Service Centre is operational from Monday to Friday between 07:30 and 16:00, excluding public holidays. Written complaints can be sent to the e-mail address at complaints@rfmcf.co.za.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

22. Verering van Wyle Roes Terblanche, HC, van Spes Magte en Leërinligting

Jandré du Plessis (16) is ‘n matriekleerling by Hoërskool Diamantveld in Kimberley wat sy eie militêre museum by sy ouerhuis geskep het, soos wat verder in par 37 hieronder bespreek word. Toe Jandré bewus word dat Roes ‘n oud-leerling van Hoërskool Diamantveld is, het hy Roes se geskiedenis begin navors en die volgende artikel in die skoolkoerant geplaas:

“In 1976 het Roes die keuringskursus by Spes Magte (SM) geslaag en is vanaf 1977 as ‘n operateur aangewend. Op 25/06/1980 word die HC aan Roes weens sy ‘… aggressiewe verdediging in die gesig van ‘n oorweldigende vyandelike mag’ aan hom toegeken. Tydens my navorsing het ek ontdek dat hierdie SM legende 'n oud skolier van Hoërskool Diamantveld is en juis daarom is ek besig met 'n inisiatief om Roes op ‘n gepaste wyse te vereer. Ek is tans besig om 'n menasiepakuitstalling te bou soos wat hy sou gedra het. Ek benodig nog net die miniatuur rooi valskermvlerkies en fotos om dit af te rond. Ek het daaraan gedink om in 2020 met die skool se 85ste verjaarsdagviering, asook die 40 jaar herdenking van sy verering op 25/06/1980, 'n onthullingsgeleentheid saam met Militêre Veterane van regoor die RSA en 'n paar bekende gassprekers hou. Ek is nou deur ons Oud-Leerlingbond aangestel om die geleentheid en die uitstalling 'n realiteit te maak. My e-posadres is jhduplessismilcollection@gmail.com”.

Paul Els verwittig dat Roes op 19/02/2003 in 1 Mil Hosp oorlede is en in die militêre begraafplaas in Voortrekkerhoogte ter ruste neergelê is.

TERUGBLIK NA DIE VERLEDE

Diamantveld se browe Oorlogsheld, Roes Terblanche

Jandre du Plessis

vir ongeveer dertig jaar in Suid-Afrika in 'n vuilvalle oorlog betrokke aan die grens van Suidwes-Afrika (Huidige Namibië) en Angola. 'n Oud leerder van Diamantveld, wat een van net 199 soldate was, het die Honoris Crux Dekorasie vir sy dapperheid ontvang.

Johan Christian Gericke (Roes) Terblanche matrikuleer in 1976 aan Hoërskool Diamantveld. Hy woltooi die uitmergelende Spesiale Magte seleksie in 1977 en word daarna na 5 Verkenningskommando oorgeplaas. Op 25 Junie 1980 lei hy 'n peloton van twintig man opsoek na die vyand. Hulle maak toe spoedig kontak met vyf van die vyand en skiet een. Terwyl hy hierdie verdediging lei, word die peloton deur 'n groter groep van twee kante af aangeval.

Sersant Terblanche het kalm die verdediging volgehou, maar toe sy groep se ammunisie begin opraak, en die peleton omsingel word, het hy gevra dat helikopters hulle uit die oorlogsone neem. Terselfdertyd het vyandelike mortiere op hulle losgebrand en een van sy soldate is gewond.

Terblanche het toe lokvalle opgestel totdat die helikopters arriveer. Van ongeveer 200 vyandelike soldate is ongeveer veertig gedood wat grootliks aan Roes se aggressiewe verdediging in die geval van die oorweldigende vyandelike magte toegeskryf kan word. Hiervoor is die Honoris Crux aan hom toegeken.

In 1996 sluit Roes Terblanche sy ongelooflike loopbaan in die Spesial Magte as 'n Luitenant-Kolonel af. Ongelukkig is lt.kol. Terblanche in 2003 oorlede en hy sal vir sy braafheid onthou word.

HET JY GEWEET?

23. Heldedaad in die Laeveld. Paul Els noem dat die volgende berig in Bakkiesblad verskyn het en dat hy graag sal wil weet wie betrokke was:

‘’n Vriendin het my eendag vertel van ‘n soldaat wat in Louws Creek in die Laeveld skoolkinders se lewens gered het toe hy op ‘n handgranaat geval het wat ’n terrroris te na ‘n stilstaande skoolbus gegooi het. Die bus was deel van ‘n konvooi wat weens die bedreiging saamgery het. Hy het wonderbaarlik oorleef maar het bitter seergekry. Die hele skool het hom ses maande lank in die Rob Ferreira Hospitaal in Nelspruit besoek. Sy heldedaad sal verseker nie vergeet word nie deur dié wie se lewens daardie dag gered is.

24. History of Utility Vessel Fleur du Cap

Arne reports that “… the commercial utility vessel, Fleur du Cap, registered in the Cook Islands, was seen alongside in Durban in mid-Dec 2018 (photo below). To most an obscure little ship of little interest, but to some, in her former glory, a much loved, extremely versatile and very happy SAS Fleur. She was the workhorse of the SAN from 1969 to 2003 (photo below). This torpedo recovery and diving support naval vessel (also submarine rescue, coast patrol and yacht racing guard-ship!) was the first command for many junior officers, including myself! Fourteen of her ex-OCs were aboard for her final alongside. May she continue her proud second career as 2019 sees the 50th anniversary of her launching and commissioning in 1969”

25. Herdenking van die Bosoorlog

Paul Els noem dat "... ons so pas die eiende van WO1 100 jaar gelede herdenk het. In Apr 2019 het ons eie Bosoorlog 30 jaar gelede geëindig. Ons kan darem sekerlik iets vir die herdenking daarvan reël. As iemand iets wil voorstel, stuur dit vir my sodat ek behulpsaam kan wees".

26. Selection of a New Main Battle Tank for the US US Army. John French says that the story of Daan Kemp of Army Intelligence about the missing Sexton engines in the previous issue, reminds him of the tank trials in the USA during the 1970s, as stated in the book titled *'King of the Killing Zone'* written by Orr Kelly, about the history of the M-1 Abrahams Main Battle Tank:

The author recounts events leading up to the final selection of the M1 tank. For starters, the budget for this project would have kept a small country up and running for a few years. Only the cost of making a selection between the 105 mm tank gun and the 120 mm weapon submitted by the Germans, amounted to 5 billion dollars. At the selection trials held at the Aberdeen Range in the USA the M1 was pitted against the new German Leopard 2 AV. The Yanks were convinced that the M1 would run rings around the heavier Leopard with its smaller diesel engine in the mobility trials, but they were puzzled by the fact that the supposedly heavier Leopard could outrun the M1. One day, a certain Col Robert Sunell, happened to be sitting on the Leopard tank chatting to the tank crews. He wanted to clean his pipe and tapped it on the hull to clear the burnt tobacco when, lo and behold, the tapping of the pipe on the vehicle's hull made a hollow drum-like sound. It was then found that the Leopard was participating in the trials without its heavy Chobham armour plates, or, 4.4 tons underweight, a 'toevallige' error that eventually led to the Leopard falling out of the competition. Red faces all round and the manufacturers owned up by stating a backlog in the production as the cause for the rather convenient omission.

27. Poor Strategic Appreciation Prior to WW2

In the lead up to WW2, the French developed an intricate series of concrete fortifications along their border with Germany. The Maginot Line was like an underground fortress created in response to the brutal trench warfare of WW1. It was protected from aerial strikes and tank attack and boasted state of the art living conditions underground. The living conditions of the troops were better than in some cities in France. There was air-conditioning, recreation areas, rail lines for the transport of cargo and walls thicker than anything seen in WW1. The French military was outnumbered by the Germans, but felt safe with this modern form of trench warfare.

Unfortunately for the French, the Germans simply went around these fortifications, attacking through Belgium. The German Army attacked from behind the Maginot Line and all the cannons the French had set up were pointed the wrong way. It was only then that the French generals realized that the cannons could not be turned around, rendering their defences useless. They then simply decided to invite the Germans for lunch. The most important lesson is that the French were preparing to fight WW1 all over again.

NUWE MILITêRE BOEKE

28. Douw Steyn se Boek : *Special Forces The Men Speak*

Douw van Spes Magte noem dat hy besig is met hierdie boek, wat begin met die optrede van die Bravo-groep wat deur Jan Breytenbach met ‘n groep afvallige lede van die FNLA gestig is. ‘n Paar Portuguese huursoldate het ook aangesluit en hulle is onder andere in Op Savannah aangewend en het later die kern van 32 Bn gevorm. Ek het reeds met Onse Jan gepraat, maar soek baie meer informasie oor die groep se suksesse en staaltjies. Insette sal op my WhatsApp by 082 826 8396 of op my e-posadres by steynd@proteacoin.co.za waardeer word”.

29. *Papa Kilo : Veg en Wen : Die Verhaal van ‘n Valskermsoldaat*

Die boek deur AO1 Sampie Stoffberg word beskryf as “… reguit, sonder doekies omdraai en met 'n passie wat aansteeklik is. Gelukkig hou valskerm-soldate hulle nie op met modes nie, maar fokus op die neergelegde taak, om die vyand so vinnig moontlik met enigiets tot hulle beskikking uit te wis. Dit was lekker avontuurlike jare waar opinies en emosies wipplank gery het. Het almal dit geniet? Ek dink nie so nie, maar die meeste soldate het wel. Ons het geveg om terrorisme van Suid Afrika se grense, dorp en stede weg te hou en het in die proses professioneel opgetree en die land en sy mense rede gegee om trots te wees. Die skrywer dra sy ervaringe op 'n onbeskaamde en onpretensieuse wyse oor, wat die leser terugvat na die goeie ou dae. Hardeblad, 484 bladsye. Beperkte oplaag van 100 getekende en genommerde eksemplare teen R1 200 elk. Bestel van Bush War Books.

PAUL ELS SE BOEKE

30. Boek oor die Militêre Basis in Walvisbaai

“Die boek oor Walvisbaai nader voltooiing. Ongelukkig is daar feite wat ons nie kon bekom nie, maar dit sal met die tweede uitgawe bygesit word. Dié jaar is gesien hoe Gert van Niekerk en Pieter van der Walt, beide van die Geskut, met ons boek gespook en baie ure ingesit het. Ek het onlangs die manuskrip terug gekry en is tans besig om die finale uitleg te doen en dan begin die woordversorging en die opstel van die inhousopgawe. Daar is egter steeds stories en fotos uitstaande wat al meer as ‘n jaar gelede belowe is. Die boek het ongeveer 500 plus bladsye en daar is wonderlike stories en foto’s in. Ek wil nogmaals aan almal baie dankie sê vir die hulp, bydraes en ondersteuning”.

31. Informasie en Fotos vir die Boek

“Ek kort dringend gesigfotos van die volgende bevelvoerders en RSMs om die boek oor Walvisbaai te voltooi:

Kmdt Johnny Coetzer 01/01-31/12/1982
Kol Piet de Jager
Kol Tobie van Schalkwyk 1990
Kol Buks Koen; 1991 - 1992
Kol FA van Solms 1993
Kol Gerhard Louw 1991 (61 Meg)
Kmdt I. Leibbrandt (62 Meg)
AO 1 A.M. Blignaut
AO1 J.P. Steyn 01/01/1983
AO1 W.M. de Jager 1986-12/1988

Wie was die RSMs van 2 SAI Bn vanaf 1989 tot 1994?

Dit is die mense van Walvisbaai se geskiedenis en as ons dit nie vandag boekstaaf nie is dit te laat”.

WELSYNSWERK

32. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

33. Besoek aan die Tenkmuseum in England

AP Stemmet van die Kavallerie vertel dat hy "... die museum in Aug 2018 besoek het en dit is werklik iets om te aanskou. Dit is 'n geleentheid vir elke Kavalleris. Die Britte bewonder nog steeds die reuse Duitse Tigertenk van WO2 en daar word hierdie jaar twee 'Tiger Days' by die museum gereël. Die Tiger het 'n groot indruk gemaak, maar daar is slegs 1346 teenoor die meer as 120 000 T-34s and Sherman-tenks vervaardig. Besonderhede is op die skakel by https://tankmuseum.org/whats-/events/tankfest?fbclid=IwAR05hd8NjTdAvaR3M9J2EoqYhya9bcEGgrCJxjCTKyTgbvlllRMWfosEwzo. Toegang is billik".

34. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Jan 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

35. Military Despatches

Robbie Roberts of Signals has provided the Jan 2019 edition of this issue of 'Military Despatches' which is available on the Net by this name. Robbie describes it "… as a full and comprehensive magazine for the military enthusiast that is a joy to read. The magazine is compiled by Matt Tennyson of Signals and is available on the link at https://www.warbooks.co.za/products/military-despatches-january-2018-free-ebook-31-pagesJan".

36. Prestasie deur Robbie Fox van Logistiek en Afd Inl. Voorheen is genoem dat Robbie en Pieter Stroebel die wenners was van 2018 se Veterane Mans Pare-kompetisie van Gauteng-Noord. MS du Toit van die Infanterie en Afd Inl reageer en sê dat hy "… buitengewone belangstelling by hierdie wedstryd by die Villeria Rolbalklub gehad het, aangesien die Wonderboom Rolbalklub reeds meer as 30 van my nuutste rolbalboek *'Feite en Geite vir Gevorderde Rolbalspel'* gekoop het en ek die potensiële invloed wou waarneem aangesien hulle teen 'n baie gedugte span sou speel.

Gemeet aan sportsielkunde se wortels wat gesetel is in tegniese-, taktiese, liggaamlike- en sielkundige resultate, het Robbie en Pieter die opposisie se strategie bepaal en kon daarna op taktiese aanpassings konsentreer. Alhoewel die wedstryd deurgaans baie spannend was, was die endresultaat 'n klinkende sukses. Geluk aan hierdie twee spelers asook aan Wonderboom se Rolbalklub. Wel gedaan! Die boek kan bestelwordbymsdt@yebo.co.za en kos R100 plus afleweringskoste. Kopie in kleur is teen R 270-00 plus aflewering beskikbaar".

37. Militêre Museum in Kimberley

Johan van Wyngaard van Leërinligting rapporteer "… dat Koos Steyn van Leërinligting my vertel het van die militêre museum wat 'n 16 jarige skolier, Jandré du Plessis, by sy huis in Kimberley ingerig het. Dit is die mooiste en mees professionele persoonlike militêre versameling wat ek nog gesien het. Hy het onder andere sekere persoonlikhede se uniformstukke en stal die uniforms, menasiepak en pette van genl Hennie Roux, AO1 Slangvel Burger, kol Monica Moolman en andere uit. Hy beplan ook om die volgende te onderneem:

* Om 'n museum oor die bosoorlog die lig te laat sien. Hy soek na uniformstukke en alle memorabilia wat Veterane nie meer wil hê.

* Om die geskiedenis van Kmdmt Noord Kaap saam te stel en te dokumenteer, wat alle S Mag-, B Mag- en Komdo-eenhede in gebied insluit en wil graag met voormalige staflede kontak te maak.

* Om met 'n aksie oor Spes Magte te begin.

* Om aan wyle Roes Terblanche, HC, 'n voormalige leerling van sy Hoërskool Diamantveld, nog verdere erkenning te gee. Kyk par 22 hier bo vir verdere detail.

Dit is ‘n inspirasie om te sien hoe entoesiasties hy is om erkenning aan die SAW en sy Veterane te gee, sodat ons militêre geskiedenis kan voortleef en ek het besluit om hom te help. Makkers wat bereid is om hom met informasie of donasies vir sy versameling te help, kan vir Jandré op sy e-posadres by jhduplessismilcollection@gmail.com of selno by 074 408 3572 te kontak. ‘n Besoek aan sy museum is ‘n belewenis”. Nota. ‘n Program oor Jandré se museum word op Sondagaand 27/01/2019 in Kwela op KykNET uitgesaai.

38. Kleure van die Binneruim van ‘n Shackleton

Johann Engelbrecht van die SALM noem dat hy “… besig is om `n model van ‘n MR 3 Shackleton te bou en benodig ‘n voorbeeld of informasie van die kleure van die binneruim van die vliegtuig. My e-posadres is ysterpen@gmail.com”.

39. Foto van 1967

Errol Massey-Hicks van die SAV noem dat ‘n “… oud-Vlootkollega van my, Adriaan Dommisse, reeds etlike jare in Australië woon. In 1967 was hy gekies vir die SAW rugbyspan wat die jaar teen SWA gespeel het. 'n Spanfoto het in een of ander Transvaalse koerant verskyn en hy dink dit was die ‘Vaderland’, maar die foto is ook dalk iewers in die SAW bewaar. Adriaan is nou besig met sy outobiografie en sal graag 'n afskrif van die foto wil insluit. Ek sal dit waardeer as daar iemand is wat kan help om op die spoor te plaas. My e-posadres is errolhicks@gmail.com en selno is 063 621 0194”.

40. Amazing Dec 2018

Attie Keeve of the Flying Infantry has advised that the calendar of Dec 2018 had five Saturdays, five Sundays and five Mondays and this is the only time we will see this phenomenon in our lives, as it only happens every 823 years.

41. Litter in the Arctic Circle

A Delta IV class nuclear submarine of the Russian Navy surfaced in the Arctic Circle to dump bags of rubbish, when a Polar bear in search for food leapt onto the Russian submarine. The 120 sailors on board were told to stay below deck while the bear had a sniff around their vessel. The photo shows the bear on top of the submarine.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

42. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies ’n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

43. Militêre Veterane se Kanale

Die SAW Vereniging (SAWV) versoek dat Veterane wat steun benodig eers met die SAWV skakel voordat daar met die Raad van Militêre Veterane-organisasies (RMVO/CMVO) kontak gemaak word. Lede moet asseblief nie sonder rede direk met RMVO skakel nie.

43. Office Hours at the CMVO

Jaco van As of the CMVO advises that the office will function until further notice on Mondays and Fridays from 09:00 until 13:00 for telephonic enquiries and visits. Urgent matters are to be communicated to Jaco at 079 197 6267 or 081 5474 150, or by e-mail to jmva@lantic.net and cmvooffice@gmail.com. State ‘CMVO ENQUIRY’ followed by the rest of the member’s personal particulars.

44. SAWV se Selfoontoepassing

Johann du Preez van die SAWV maak bekend “... dat die SAWV ‘n selfoontoepassing (App) aan sy lede beskikbaar stel wat gratis afgelaai kan word en verskillende voordele bied. Die naam van die toepassing het verander van SADFA4U na SALUTE2U en die platform het van ‘Play Store’ en ‘App Store’ na ’n web-gebaseerde platform geskuif en kan nou op die rekenaar of enige selfoon gebruik word. SALUTE2U bied die volgende:

* Ondersteuning in tye van nood terwyl u reis, regoor die land.

* Gebruik as hulpmiddel om besighede, punte van belang of die SAWV se eenhede op te soek.

* Registrasie as ’n SOS-Ondersteuner om lede en gebruikers te help wanneer hulle tydens hulle reise hulp benodig.

* Kommunikasie regstreeks met die SAWV.

* Registrasie as Agent om maandelikse ‘n inkomste te verdien deur advertensies aan besighede te verkoop.

***** Versterking van ons ondersteuningsnetwerk en ons indiwiduele lede, asook om ons lede se besighede te ondersteun.

Ander aspekte, navrae en riglyne om die toepassing af te laai, kan vanaf die e-posadres by salute2u@milvets.co.za aangevra word.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

45. Skerp Kritiek op GEPF se Jaarverslag

Die verslaggewer, Francois Williams, het ’n omvattende berig in die Afrikaanse media gepubliseer, waarin AMAGP se afgetrede ouditeur, Christo van Dyk, se ontleding van die GEPF se jongste jaarverslag vervat is wat einde Nov 2018 in die parlement ter tafel gelê is. In Christo se verslag word getoon dat aktuariële waardasies nie soos belowe is, aangepas is nie, ’n ombud is sedert 2014 nog nie aangestel nie en beleggingsdoeltreffendheid het afgeneem. Sonder ’n opgedateerde aktuariële waardasie is die pensioenaanspreeklikheid en die aanbevole reserwes wat die fonds moet hê dus ook nie herbereken en opgedateer nie. Dit verhoed ontleders en pensioenfondslede om die fonds se ware vordering te meet. Die GEPF se ouditeurs het kennis geneem dat aktuariële waardasies elke twee jaar gedoen word, maar geen negatiewe kommentaar word deur hulle gelewer weens die afwesigheid van ’n opgedateerde waardasie vir 2018 nie.

Christo wys op die voortgesette negatiewe kontantvloei veroorsaak deur pensioenfondsbydraes se invloei wat minder is as die voordele wat uitbetaal word. In 2018 is R94 miljard se voordele uitbetaal, maar net R70 miljard se bydraes is ontvang. Die verskil is reeds sowat R1 miljard groter as in 2017 toe R88 miljard se voordele uitbetaal is maar net R65 miljard se bydraes ontvang is. Die tendens het al in 2014 begin, en as dit so voortduur beteken dit die GEPF sal een of ander tyd nie meer genoeg reserwes hê om al sy voordele te dek nie.

46. Comment on the Audit Report. AP Stemmet has provided the general media with the following comment:

* In view of the current yield of investments and the astronomical rise in expenses, it is doubtful if the pension fund can still be seen as sustainable. The long term funding since 2006 until the present has dropped from 101% to 79%.

* By once again not divulging the true picture in their report, the Board of Trustees can no longer be trusted with the control of the assets of the pension fund.

* It has become necessary to end the monopolistic reign of the politically controlled investment agency of the fund, the Public Investment Corporation.

43. Commision of Enquiry on the Functioning of the Public Investment Corporation (PIC)

The Government has tasked a task team to investigate the functioning of the PIC, which acts as the investment agency of the Pension Fund. The Commission commenced with proceedings on 21/01/2019.

The Association for the Monitoring and Advocacy of the Government Employees' Pension Fund ( AMAGP) will testify before the above judicial commission of inquiry on 28/01/2019.

44. New Issue of the GEPF Monitor

Errol Massey-Hicks reports that new Issue is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from his e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

45. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

46. Waar is Oos van der Merwe van Leërinligting?

Chris Serfontein van die Donker Infanterie wil met Oos kontak maak, wat iewers in Oudtshoorn woon. Chris se e-posadres is chris.daskopper@gmail.com.

47. Where is Dave Drew and the Rest of his Section?

Kevin Hull of Army Intelligence has enquired from out of the land of the Wallabies about Capt Dave Drew and Lt Vissy van Zyl of Army Intelligence and Cpl Andrew Viljoen of the Infantry. Kevin had served with them at the Intelligence Section at Opuwo in the Kaokoveld. Kevin's e-mail address is kevin@megaelectrics.com.

Kevin Hull
Managing Director

mega ELECTRICS AUS

48. Looking for Old Comrades

Chris Sauer of Signals advises that he "... is desperately trying to find two military colleagues who both served with me at the Signal Unit of the Army Battle School during our National Service and in the latter half of 1993. We were all 2Lts and the only thing I can remember are their surnames, namely 2lt Snooke and 2Lt Stachel.If memory served me they both joined for an additional two years after 1993. I am also trying to get hold of Tuanita Snyman, who also worked in the Intelligence Section at the time. I. think that she was a Captain. My cell number is 082 044 4985".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

49. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore verwittig dat "…die volgende hinderlaag van die SA Infanterie-vereniging vanaf 11:30 vir 12:00 op Saterdag 16/02/2019 by die Bronberg Landgoed sal plaasvind. Die vergadering van die NUR begin om 09:00 maar sal teen 12:00 afgehandel wees. Bespreek bywoning asseblief met Geoff Holland-Muter by selno 076 637 9355 of op geoff@bexlosa.com. Kostes is slegs R100 per ete en drank is by die kontantkroeg teen militêre pryse beskikbaar. U kan gerus u vrouens saambring om die dag saam met ons te geniet.

SA INFANTERIEVERENIGING

50. SAMIVA se Jaarlikse AJV en Herdenkingseremonie

Pieter Liebenberg is die Voorsitter van die SA Militêre Inligtingsveterane-vereniging (SAMIVA) en verwittig dat die jaarlikse AJV en Herdenkingseremonie tussen 01 en 03/02/2019 by die Inligtingmuseum in Colesburg sal plaasvind. Pieter se e-posadres is liebfox@gmail.com en sy selno word hieronder aangedui.

51. SAWV se Landwye Maandelikse Ontbyte. Jaco Steenberg noem dat die SAWV se maandelikse ontbyte nou na ander liggings in die RSA uitgebrei het en dat die geleentheid in meeste gevalle soos volg op die tweede Saterdag gereël word:

* Pretoria (Jakaranda Sektor) by Chatterleys in Valhalla. Kontak L. Fourie by 083 566 7653.
Ete is elke 4de Saterdag van die maand.

* Pretoria (Orion Eenheid) by Bronberg Landgoed op Hoek van Graham- en Boschkopweg. Kontak Piet Joubert by 082 882 2955 of Ben Greyling by 083 534 3924.

* Oudtshoorn (Ratel Eenheid) en Duisendpoot Eenheid by Headlines Restaurant op Hoek van St Johns- en Baron Van Rheedestrate. Frans Botha by 074 855 3382 en James Tait by 061 099 5862. Etes is gekombineer.

* Secunda (Kosmos Sektor 1) by Kruikkafee op Hoek van Nelson Mandelaweg- en PDP Krugerrylaan. Henry Buys by 072 369 2611.

* Standerton (Standerskop Eenheid). Jan Bezuidenhout by 082 895 8645 en Leon Hattingh by 082 928 7892 op elke eerste en tweede Saterdag. Verskillende venues word gebruik.

* Bloemfontein (Vrystaat Provinsie). Marthin Combrink by 082 416 6432. Martin sal op navraag verwittig waar die maandelikse ete plaasvind.

52. Annual Function in the Southern Cape

At and Skat Fourie advises that "…our annual function will again be held at the Admiral's Buffet Restaurant in the Mosselbay Casino on Thursday 21/02/2019. Unfortunately the cost for the function is at this stage not available and will be provided as soon as I get the information from the restaurant management. Contribute by means of donations, gifts, etc will be appreciated. The theme of this year's function will be '… The Wife of the Soldier' as we wish to celebrate the contribution of our wives who assisted us under very difficult circumstances over many years. Contact me on 082 719 4300 or on atfourie15@gmail.com.

ADMINISTRASIE

53. Nuwe Lede. Later

NETWORKING

54. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

55. Food for Thought

* Great fires erupt from tiny sparks.

* We will be judged by what we finish, not by what we start.

* Never wrestle pigs. You both get dirty, and besides, the pig likes it.

56. Alleged Racism on the Farm. A reader provided the following but made no reference to the stupid reaction to a photo in Sweitzer Reinecke:

There is absolutely no excuse for what happened here. I don't care about the facts and the evidence. Whoever owns these chickens and whoever took this photo are racists, regardless of context. Government should fire them, even if they do not work for government.

57. Wensdenkery by die Ouetehuis

Twee Militêre Veterane sit op die bankie voor die ouetehuis en skielik stap daar die mooiste jong dingetjie voor hulle verby. Hulle kyk haar doodstil agterna en toe sê die een oom "… wee jy Koos, as ek so iets sien, dan wens ek, ek was weer 80..."

58. Homicide at Home

John French of the Cavalry tells the story of the elderly Gunner who arrived home from work unannounced and finds his very ugly wife in bed with a young man. He asked his wife whether she had slept with him, to which she replied that '… no, we were awake all the time'. He is due to appear in court later this week for shooting the young man's guide dog.

SLOT

59. And on that grisly note, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

60. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.